PREEKNOTA

Datum: **19/11/2023**

1. Wat is die voortrekker van versoeking?

2. Hoe werk die trek van versoekings?

Jakobus 1:12-13 (AFR83) [12]Gelukkig is die mens wat in versoeking standvastig bly. As hy die toets deurstaan het, sal hy as oorwinningsprys die lewe ontvang wat die Here belowe het aan dié wat Hom liefhet. [13]Iemand wat in versoeking kom, moet nooit sê: "Ek word deur God versoek" nie; want God kan nie verlei word nie, en self verlei Hy niemand nie.

Jakobus 1:14 (NLV) [14]Ons eie sondige begeertes beproef ons, sleep ons saam en verlei ons.

3. Hoe kan jy vasstaan wanneer versoeking jou begin trek?

A) IDENTIFISEER DIE VERSOEKING.

Matteus 4:1-4 (AFR83) [1]Toe is Jesus deur die Gees die woestyn in gelei om deur die duiwel versoek te word. [2]Veertig dae en veertig nagte het Hy niks geëet nie en naderhand het Hy honger geword. [3]Die versoeker het toe gekom en vir Hom gesê: "As U die Seun van God is, sê hierdie klippe moet brood word." [4]Maar Hy antwoord: "Daar staan geskrywe: "'n Mens leef nie net van brood nie maar van elke woord wat uit die mond van God kom."

Genesis 3:1 en 6 (NLV) [1]Die slang was listiger as al die diere wat die Here God gemaak het. "Is dit regtig so?" vra hy vir die vrou. "Het God regtig gesê julle mag niks van die vrugte in die tuin eet nie?" ... [6]Dit het die vrou oortuig. Wanneer sy na die boom kyk, lyk die vrugte mooi en aanloklik, geskik om 'n mens verstandig en slim te maak. Sy pluk 'n vrug van die boom, eet daarvan en gee vir haar man by haar; en hy het ook geëet.

B) KEN DIE WAARHEID.

Matteus 4:5-7 (AFR83) [5]Daarna neem die duiwel Hom na die heilige stad toe en laat Hom op die hoogste punt van die tempel staan [6]en sê vir Hom: "As U die Seun van God is, spring af! Daar staan mos geskrywe: "Hy sal sy engele oor jou opdrag gee "en: "Op hulle hande sal hulle jou dra, sodat jy nie jou voet teen 'n klip sal stamp nie. " [7]Jesus sê vir hom: "Daar staan ook geskrywe: Jy mag die Here jou God nie op die proef stel nie."

Genesis 3:2-5 (AFR83) [2]Die vrou het die slang geantwoord: "Ons mag eet van die vrugte van die bome in die tuin. [3]God het net gesê ons mag nie eet van die vrugte van die boom in die middel van die tuin nie en ons mag dit nie aanraak nie, want dan sterf ons." [4]Toe sê die slang vir die vrou: "Julle sal beslis nie sterf nie, [5]maar God weet dat julle oë sal oopgaan die dag as julle van daardie boom eet en dan sal julle soos God wees deurdat julle alles kan ken."

C) MOET JOUSELF NIE OORSKAT NIE.

Matteus 4:8-11 (AFR83) [8]Toe neem die duiwel Hom na 'n baie hoë berg toe, wys Hom al die koninkryke van die wêreld met hulle prag [9]en sê vir Hom: "Dit alles sal ek vir U gee as U neerval en my aanbid." [10]Maar Jesus sê vir hom: "Gaan weg, Satan, want daar staan geskrywe: "Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien." [11]Daarna het die duiwel Hom met rus gelaat, en daar het engele gekom en Hom versorg.

4. Wat is die gevaar om deur versoeking getrek te word?

Rigters 16:15-17 (NLV) [15]Sy kerm toe by hom: "Hoe kan jy sê jy is lief vir my, maar jy vertrou my glad nie? Drie keer het jy my al vir die gek gehou. Jy wil nog steeds nie vir my sê waarin jou krag lê nie." [16]So het sy dagin en daguit by hom bly neul totdat hy gevoel het hy word gek daarvan. [17]Toe het hy sy hart vir haar oopgemaak. Hy het vir haar gesê: "My hare is nog nooit geskeer nie. Ek is van my geboorte af as nasireër aan God gewy. As my hare afgeskeer word, sal my krag verdwyn. Ek sal dan magteloos wees en soos enige ander mens."

Jakobus 1:14-15 (DB) [14-15]Nee, dinge wat 'n geestelike stryd in jou lewe veroorsaak, is jou eie skuld. Die mens begin aan allerhande verkeerde dinge dink en wil dit dan net doen. Soos 'n kind wat agter 'n skoenlapper aanhardloop, lok die verkeerde gedagtes die persoon al hoe dieper die moeilikheid in. Dan word jou Christenskap voor 'n toets gestel. Jy moet kies. As jy kies om op die verkeerde pad aan te gaan, sal jy later nie net oor die verkeerde dinge dink nie, maar dit ook begin doen. En hoe meer jy dit doen, hoe meer sal jy dit wil doen. So werk die sonde met 'n mens. Dit is die pad na die afgrond, die afgrond van godverlatenheid en die dood.

5. Hoe kan ek voorkom dat versoeking my voortrekker word?

Lukas 14:25-27 (NLV) [25]Groot skares het Jesus gevolg. Hy het omgedraai en vir hulle gesê: [26]"As iemand na My toe kom, moet jy My liewer hê as jou eie pa en ma, vrou en kinders, broers en susters, en ook jou eie lewe gering ag. Anders kan jy nie my dissipel wees nie. [27]En jy kan nie my dissipel wees as jy nie jou eie kruis dra en My volg nie."

1 Korintiërs 10:12-13 (NLV) [12]Daarom – as julle dink julle staan sterk, moet julle oppas dat julle nie ook tot 'n val kom nie. [13]Onthou, die versoekings wat oor julle pad kom, is nie uniek nie; ander ondervind dit ook. God is getrou. Hy sal keer dat die versoeking te sterk vir julle word. Midde-in die versoeking sal Hy vir 'n uitweg sorg sodat julle dit kan verduur.

Dienste word aanlyn uitgesaai op Facebook en YouTube
asook op **IFM 102.2** en via klankstroom op www.ifmradio.co.za / www.kg.org.za

KONTAKPERSONE:

Gemeentepredikant:
MARIUS MALAN - 082 804 0436
marius@kg.org.za

Gemeentebestuurder:
RIAAN PELSER - 082 775 7147
riaan@kg.org.za

Faktotum:
ANDRÉ VAN DER WALT - 073 960 9499
andre@kg.org.za

PREDIKANTE:

13 - 18 jaar:
KATIE REIMERS
016 004 0016 | katie@kg.org.za

FRANCO FIENAAR
074 885 2511 | franco@kg.org.za

19 - 29 jaar: TOMMIE ARPIN
082 342 6243 | tommie@kg.org.za

30 - 39 jaar: JONATHAN MÜLLER
064 658 6636 | jonathan@kg.org.za

40 - 49 jaar: EDOHAN BURGER
084 570 0669 | edohan@kg.org.za

50 - 59 jaar: NICO VAN AS
082 973 3895 | nico@kg.org.za

60 jaar en ouer:
016 004 0016 | navrae@kg.org.za

Hoek van **Ravel**- en **Abrahamstrate**
Mantevrede, Vanderbijlpark
016 004 0016 / navrae@kg.org.za

KONTANTLOSE BYDRAES

BANKBESONDERHEDE:
Kompas Gemeente
Eerste Nasionale Bank
Rekeningnommer: 62609813846
Takkode: 250 655